# God se Geheime Boodskappe 5

## Aktiwiteite:

Kies as gesin saam 'n versteekte prent wat julle wil doen. Elke gesinslid kan sy eie een kry, of julle kan in groepe saamwerk. Kyk wie al die versteekte prentjies eerste kan kry.
Gaan kyk gerus by die skakel hieronder na die groot verskeidenheid prentjies waaruit julle kan kies.

https://algoagemeenskapskerk.com/2020/04/16/speletjies-hidden-pictures/

## Inleiding:

Omdat God die skepper van die heelal is, en weet wat vandag en môre gaan gebeur, is Hy die enigste een wat weet waar die gevare vir ons is. In die groot prentjie van ons lewe, is Hy die een wat weet waar die 'versteekte prente', die gevare is.

Die volgende klompie drome waarna ons gaan kyk kom almal uit die Nuwe Testament uit. Omdat daar vier Evangelies is, mis ons partykeer hierdie drome, want dis net in die boek Matteus opgeteken.

**Vraag 1**:
Wat is die vier Evangelies?

**Antwoord**: Dis die 1ste vier boeke van die Nuwe Testament.

**Vraag 2:**
Waaroor gaan hierdie vier boeke?

**Antwoord**: Dit gaan oor die tyd wat Jesus hier op aarde was en wat Hy alles gedoen het.

**Vraag 3**:
Hoekom verskil van die inligting in die vier boeke, of is alles nie in al die vier boeke nie?

**Antwoord:** Juis die feit dat al vier Evangelies NIE presies dieselfde is nie maak dit betroubaar! Wanneer die polisie ooggetuies na 'n ongeluk vra wat gebeur het en almal se stories klink nie presies dieselfde nie, bewys dit die akkuraatheid daarvan.

Elke ooggetuie het op 'n ander plek gestaan, dus van 'n ander 'angel' gesien, maar ook iets gesien wat 'n persoon wat bv. aan die oorkant gestaan het NIE gesien het nie. Al die skrywers was heel waarskynlik ook nie by elke gebeurtenis teenwoordig gewees nie.

# Josef

1. Wie het God in sy drome na Josef toe gestuur?


2. Wat het God vir hom in die eerste droom beveel om te doen? (Matt 1:20)

3. Deur Wie is die kindjie verwek wat Maria verwag het? (Matt 1:20)

4. Waarheen het God vir Josef in die tweede droom beveel om met die kindjie te vlug? (Matt 2:13)

5. Wie het die kindjie gesoek om Hom dood te maak? (Matt 2:13)

Herodes Nebukadnesar Farao Darius

6. Hoeveel keer het die Engel na Herodes se dood aan Josef verskyn om vir hom te wys waarheen hy moes gaan? (Matt 2:19-22)














7. Wie het 'n ander pad huistoe gevat nadat God hulle gewaarsku het om nie na Herodes terug te gaan nie? (Matt2:12)






8. Wie is die kindjie van wie daar gepraat word?










9. Watter tipe drome het God vir Josef gegee?









10. Tydens watter gebeurtenis het Pilatus se vrou 'n vreeslike droom gehad?
(Matt 27:19)



# ANTWOORDE:

1. 

2. 


3. 

4. 

5. 
Herodes

6. 


7. 

8. 


9. 

EN 


10. 

# Opsomming:

Dink vir een oomblik wat sou gebeur het as God NIE vir Josef in 'n droom gewaarsku het elke keer wanneer daar gevaar na hulle oppad was in 'n nie!
En DIS een van die wonders van drome, God se geheime boodskappe aan ons, want NET Hy weet wat vorentoe vir ons wag.

Wanneer God met ons deur drome praat is dit NIE soos 'n fortuinverteller wat vir jou oor die toekoms vertel nie. Drome van God af is vir 'n spesifieke rede en vir 'n spesifieke persoon bedoel, en daarom is dit belangrik dat ons daarna sal luister en daarop sal ag gee.

As jy een van die mense is wat glo dat God nie meer vandag met mense deur drome praat nie, twyfel ek of Hy jou met drome sal bedien, want jy sal dan in elke geval nie daarna luister nie, en hoe mis jy nie uit nie!

Daar is 'n hele klompie voorbeelde in die Nuwe Testament, NADAT die Heilige Gees reeds uitgestort was, waar God mense met spesiale boodskappe deur drome en visioene bedien het!